Die Volksblad
DIE RAUCH FAKTOR
Volksblad Kunsfees 2006
Gert Coetzee

‘n Gedempte stilte hang in die stikdonker Callie Human-saal.
‘n Stem praat van iewers. “Dames en here ons verwelkom haar, Laurika Rauch…!”
Plotseling is die ligte aan. Sy staan daar getooi in rokerige wynrooi, die Rauch faktor.
Dis sulke tyd. Laurika en haar “vriende, inspirasie en liedjieskrywers”. Dan sing sy…Vir oulaas sing hulle. Dan is dit te gou verby. Die Rauch faktore groet, maar hulle seën aan Afrika bly talm.